
WEG NAVREDE MET GOD
CBMC

STAP 1

# GOD SE PLAN: VREDE EN LEWE

God het jou lief en wil hê dat jy vrede en ñ betekenisvolle lewe moet geniet, oorvloedig en ewigdurend.

Romeine 5:1 | "...daar is nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus."

Joh 3:16 | "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.'

Joh 10:10 | "...Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

As God dan bedoel het dat ons vrede en ñ oorvloedige lewe moet geniet, waarom ervaar die meeste van ons dit dan nie?


ONTDEK
GOD SE
PLAN

## STAP 2 Ons probleem: Skeiding

God het die mens in sy eie beeld geskape om ñ oorvloedige lewe te geniet. Ons is nie as robotte gemaak om outomaties vir God lief te hê en te gehoorsaam nie. Hy het vir ons ‘n vrye wil en keuse gegee. Ons het die keuse gemaak om aan God ongehoorsaam te wees en om ons eie wil te volg. Die Bybel noem dit sonde, wat skeiding van God meebring.

Romeine 3:23 | “Almal het gesondig en is vêr van God af...”

Romeine 6:23 | “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”


SONDE BRING SKEIDING
VAN GOD
Mens
(Sondig)
GOD
(Heilig)

Deur die eeue heen het mense ñ menigte planne beraam om hierdie gaping te oorbrug, sonder sukses.

Jesaja 59:2 | "Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie."

Spreuke 14:12 | "Daar is ñ lewenswyse wat vir ñ mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood."

**Daar is slegs een oplossing vir hierdie skeiding.**


MENS
(Sondig)
GOD
(Heilig )
Die mens probeer
die gaping oorbrug deur
GOEIE WERK
GODSDIENS
FILOSOFIE
MORALITEIT

# STAP 3 GOD SE OPLOSSING: DIE KRUIS

In Jesus Christus ALLEEN is die oplossing vir ons probleem. Hy het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan en sodoende die prys van ons sonde betaal. Daardeur het Hy die gaping tussen mens en God oorbrug.

| | |
|---|---|
| 1Timoteus 2:5 | “Daar is immers net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus...” |
| Romeine 5:8 | “Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” |
| Joh 14:6 | “Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.” |

**God het die ENIGSTE oplossing voorsien. Ons moet die keuse maak.**


MENS
(Sondig)
DIE WEG
GOD
(Heilig)

STAP 4

# Ons reaksie: Neem Christus aan

Ons moet glo in Jesus Christus, Hom vertrou en aanneem as persoonlike Verlosser.


**Efesiërs 2:8-9** “Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie: dit is ñ gawe van God, nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand die rede om op homself trots te wees nie.”

**Handelinge 3:19** “Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.”

**Joh 1:12** “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

**Romeine 10:9** “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.”

**Deur Christus aan te neem skenk God jou die ewige lewe.**


Is jy hier...
of hier?
MENS
DIE WEG
GOD
SONDE
SKULD
OPSTAND
VREDE
VERGIFNIS
DOEL

Is daar enige rede waarom jy nie nou die Here Jesus Christus kan aanneem as persoonlike Verlosser en Heer nie?

## Hoe om Christus aan te neem:

1. Erken dat jy ñ sondaar is en redding nodig het.
2. Wees gewillig om van jou sondes weg te draai (bekeer).
3. Glo dat Jesus Christus vir jou aan die kruis gesterf het en opgestaan het uit die dood.
4. Vra die Here Jesus Christus, deur die Heilige Gees, in gebed, om jou lewe oor te neem en te beheer.

## Neem Hom aan as Verlosser en Heer.

# DIE GEBED

**Hemelvader,**

Ek weet dat ek ñ sondaar is en U vergifnis nodig het. Ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het. Ek is gewillig om my te bekeer van my sondes. Ek vra U nou, om my sondes te vergewe, en my hart en lewe oor te neem as my persoonlike Saligmaker. Ek is gewillig, deur U genade, om Christus te volg en Hom te gehoorsaam as my Heer en Meester.

In Jesus naam, Amen.

## As jy die gebed gebid het, sê die Bybel...

Romeine 10:13 | "...Elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word."

Joh 1:12 | "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

1 Joh 5:11-13 | "En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die ewige lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."

**Wanneer ons Christus aanneem, word ons deel van God se familie deur die bonatuurlike werking van die Heilige Gees. Die proses word wedergeboorte genoem.**

Sny hier en bewaar

# HERDENK JOU BESLUIT

Jou Naam: ______________________________________

Getuie: ______________________________________

Datum: ____________________

CBMC

Dit is slegs die begin van ñ wonderlike nuwe lewe in Christus.
Om in hierdie verhouding te groei word die volgende aanbeveel:

## GROEI

1. Kry ñ Bybel en lees dit elke dag.
2. Praat elke dag met God deur gebed in jou eie woorde.
3. Aanbid in ñ kerk waar die Bybel geglo en verkondig word en waar jy ander Christene kan ontmoet en gemeenskap kan geniet.
4. Vertel vir ander wat Jesus vir jou gedoen het.
5. Deel van jou talente, tyd en geld.
6. Groei in jou geloof deur saam met ander Christene Bybelstudie te doen. Opdrag Timoteus is CBMC se een-tot-een dissipelskapprogram en bied uitstekende studiemateriaal aan vir groei in jou persoonlike lewe.

CBMC

**Vir meer inligting gaan na www.cbmc.co.za**